# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village -36/2023 – Julie2023*

## WAARSKUWING OMSKAKELAARS (INVERTERS)

’n Baie belangrike WAARSKUWING vir almal wat ’n omskakelaar (inverter) en battery gebruik tydens beurtkrag. Elke omskakelaar het ’n plek waar krag vanaf ’n muurprop ingeprop kan word wat dan die battery laai. Hiermee is nie ’n probleem nie.

Daar is ook plek vir ’n prop waar die krag van die battery uitgaan. Die krag van die battery wat tydens beurtkrag, deur die omskakelaar beskikbaar is mag u na u TV, Internet of ’n lig herlei net soos u verkies. MAAR DIT MAG NOOIT VANAF DIE BATTERY DEUR DIE OMSKAKELAAR BY ‘N MUURPROP INGEPROP WORD NIE. Dit is gevaarlik!!! Dit is ’n brandgevaar!! Dit is onwettig!! Jou versekering gaan nie uitbetaal as dit die rede vir ‘n brand/skade is nie. Enige toestel, omskakelaar, kragopwekker, sonpanele wat in die hoofstelsel ingeprop word vereis ’n gekwalifiseerde elektrisiën wat dit goedkeur en ‘n SERTIFIKAAT van VOLDOENING moet uitgereik word.

## SEKURITEITSHEKKE

Die buitehekke is weer oop. Die storie was klaarblyklik dat sekuriteitswagte, by ‘n ander oord in Johannesburg, nie beide ingange gelyktydig kon beheer nie, wat veroorsaak het dat ongewenste elemente in die oord ingekom het. Alle werkers MOET uit u motor klim en deur die draaihek inkom. Geen uitsonderings kan in hierdie verband toegelaat word nie.

## BRAAIAREA

Vriende, familie kom onverwags kuier, veral oor naweke.
U besluit sommer net daar “kom ons braai”!
Kan u die braaiarea gebruik al het u dit nie bespreek nie?
Daar gaan ‘n kennisgewingbord aangebring word wat sigbaar sal wees by die koffiewinkel (ook na ure).
Dit sal aandui of daar besprekings gemaak is of nie.
Indien geen besprekings gemaak is nie sal u kan braai (eerste daar eerste braai).
As ’n ander persoon reeds begin braai het, vra of jy die ander deel kan gebruik.
Plaas asseblief die stoele en tafels onder die dak wanneer u klaar die braaiarea gebruik het.

## SUSAN VAN ZYL EN HAAR KOMITEE

Met dank reël sy die weeklikse en maandelikse markte. Sy is ook verantwoordelik vir musiek by die geleenthede en reël mandjiedanse en optredes van gaskunstenaars.
Die Magrietjies mag die spysenering doen vir alle funksies waarvan die inisiatief en reëlings vanuit die sosiale komitee kom.
Vir alle ander funksies sal ons kombuis die eerste reg tot weiering hê, tensy die mense betrokke dit self doen.
Slegs Indien die kombuis u nie kan help nie kan u spysenering deur buitekontrakteurs laat inkom.

## RONNIE BEUKES EN KOMITEE

Die rolbal en verwante aktiwiteite word deur Ronnie Beukes en sy komitee gereël. Dit sluit hul eie funksies en spysenering in.
Ronnie reël ook musiek by funksies en danse, soos en wanneer mense hom benodig.

## ALLE ANDER AKTIWITEITE


Daar is glo mense wat nie met sekere ander mense wil speel nie AI TOG. Daarom mag enige groepering kaartspeletjies, bingo, rummikub of enige aanvaarbare aktiwiteit reël. Indien van die gemeenskaplike eiendom


gebruik gemaak word, MOET die plek en tydsduur vroegtydig bespreek word. Dit sluit bybelstudie, kerkdienste, lyndanse, stokperdjies ens in.
Soos die stoepe gereed is sal van die aktiwiteite wat daarvoor geskik is uit die saal na die stoepe skuif.

## KOFFIE EN SAP

Die aansit-etes in die eetsaal sluit ’n sap en ’n koffie in. Indien u nie ’n aansit-ete neem nie is u ook nie geregtig op die sap of koffie nie.

## BALKONNE







Daar is enkele inwoners/eienaars wat reeds gebruik gemaak het van die voorgeskrewe manier van toemaak vir die balkonne. Gaan kyk gerus by 5112, 3309 en 4201 (westekant) 4301 (wes en noord)

## WASSERY

Ons wassery se kontrakteur het kennis gegee dat sy haar kontrak beëindig op 31 Julie 2023. Daar is met Anna, wie reeds jare die dag-tot-dag bedrywighede in die wassery behartig, ’n kontrak aangegaan vir die voortsetting van die diens vanaf 1 Augustus 2023.

## AJV DIREKSIE

U is in kennis gestel van die nuwe direksie wat verkies was tydens die onlangse jaarvergadering. Carel Marx is intussen gekoöpteer en sal verantwoordelik wees vir alle sosiale aangeleenthede.

## PANNEKOEK BY DIE SORGSENTRUM.

Vanaf 4 Augustus sal daar elke Vrydagoggend pannekoek te koop aangebied word in die voorportaal van die sorgsentrum. Fondse wat hier ingesamel word sal aangewend word vir die aankoop van toerusting om sorgsentrum inwoners mee besig te hou. Ondersteun asseblief hierdie saak.
Maak seker u besoek die Sorgsentrum op die ope dae/tye. U vrees om eendag opgeneem te word sal verdwyn.

## ONS OORD SE 10DE VERJAARSDAG

Soos u waarskynlik reeds verneem het gaan ons op 1 ,2 en 3 September groot makiti hou.
Laat weet u kinders, kleinkinders, familie en vriende betyds. Dit is ’n geleentheid wat nie gemis moet word nie.

## WATERLEKKE

Meld asseblief alle waterlekke aan. Maak seker u krane en veral u toilet sluit af en hou nie aan loop of lek nie.
Moet asseblief nie tussen 01:00 en 04:00 enige water gebruik vir tuine nie.

## AANDETES

Aandetes wat tel as heffingsetes kan bestel word vir Dinsdae en Donderdae.
Dit word bedien tussen 16:00 en 20:00

## BANKKAARTE

Inwoners word herinner dat dit uiters gevaarlik is om bankkaarte en pinnommers aan huishulpe of ander werkers te gee vir die aankoop van u elektrisiteit ens. Moet asseblief nie die kans waag om beroof te word nie.

## NOODONTRUIMINGS IN WOONSTELBLOKKE

Tydens 'n noodontruiming (soos tydens 'n brand) sal die inwoners van woonstelle aan die mees westelike kant bv. 5001,5101,5201,5301 en die mees oostelike kant bv. 5013,5113,5213,5313 verantwoordelik wees om te verseker dat alle inwoners op hul verdieping ontruim.
Die ontruiming sal horisontaal geskied na die naasliggende blok op dieselfde verdieping bv. van Blok D na C of B. Daarna sal spanne gereed wees vir verdere instruksies en optrede soos dit nodig mag wees.

Na ure en oor naweke is die algemene noodnommer. 064 812 0093

Vir Ambulans en siektes is die na ure noodnommer 086 011 2911

***Ondersteun, Ons koffiewinkel, ons Dinsdag mark, ons haarsalon, ons rolbal, ons mandjiedanse, ons eetsaal, ons braaigeriewe, ons maandmarkte, ons uitstallers, ons sorgsentrum, ons skoonheidsalon, ons kaas en wyn funksies, ons sop en sjerrie aande, ons gaskunstenaarsaande, ons kerkdienste, ons biblioteek, ons bybelstudie, ons kaartspeletjies, ons bingo, ons feeste, ons rummikub, ons tuindienste, ons skoonmaakdienste, ons tuisversorging, ons medisyne toediening, ons kliniek, ons kiosk, ons lyndans, ons trimgim, ons Dr, ons oordsuster, ons wassery, ons straatbraaie, ons facebook, ons informant <u>ONS BOUGAINVILLA AFTREE-OORD!!!</u>***

## Wat bied Bougainvilla se Sorgsentrum?

- Korttermyn en langtermyn verblyf
- Daar is 10 ruim dubbelkamers
- n Kortings pakket is beskikbaar vir egpare wat saam wil woon
- Die omgewing is huislik en veilig
- 24/7 versorging en toesig deur opgeleide personeel
- Wasgoed word daagliks gewas
- n Biblioteek met n lees hoekie
- Gesamentlike TV kamer – maar inwoners mag hul eie TV's bring
- WI FI
- Drie gebalanseerde-etes, deur n Dieetkundige goedgekeur, word in Sorg se eetsaal bedien.
- Veranda met n tuin waarin inwoners kan stap of sit en ontspan
- Fisioterapeut is op versoek beskikbaar
- Dr besoek die sentrum weekliks, of op aanvraag
- CCTV
- Ons Inwoners word met liefde en omgee versorg

## Tuisversorging in die gemak van u eie Huis

Tuisversorging-dienste is beskikbaar vir alle Bougainvilla inwoners in die gerief van hul eie huis of woonstel.
Die dienste word aangebied deur gekwalifiseerde en toepaslik opgeleide personeel en word bestuur deur SR Ina en SR Andrea.
Nie alleen is almal wat hier woon se welstand vir ons belangrik nie, julle is ook vir ons kosbaar.
Vir enige Navrae oor die Sorgsentrum en die verskillende pakkette beskikbaar, kontak vir:
Sr Ina intern x 7025 of 076 212 3412
**Sr Andrea x 1137 0f 066 359 5753**







Oggend mark is WOENSDAE in die saal!!

## Kombuis Foonoproepe



Geen foon oproepe

kan tussen 11:00 en 14:00

beantwoord word by die

kombuis kantoor nie.

**Kantoor ure is:**

**08:00 tot 11:00**

**14:00 tot 15:00**